# Hillcrest High School

**Graad 10**

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2
# NOVEMBER 2024

**PUNTE: 70**
**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. A. Wessels
**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

## Instruksies en inligting.

**NB: SKRYF JOU ONDERWYSERES SE NAAM OP DIE DEKBLAD.**

**Me. Jordaan, Middelton, Wessels, Strydom, Henderson**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | Afdeling A: | Letterkunde | [28] |
   | Afdeling B: | Poësie | [28] |
   | Afdeling C: | Filmstudie | [14] |

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke storie/gedig/filmstudie op ‘n nuwe bladsy.
4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel van die vraestel.
5. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.
6. **Lees jou instruksies by elke vraag noukeurig deur.**
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Skryf in die taal wat getoets word.
9. Deel jou tyd so in:

   | | |
   |---|---|
   | Afdeling A | 45 minute |
   | Afdeling B | 45 minute |
   | Afdeling C | 30 minute |

10. Lekker skryf

**AFDELING A: LETTERKUNDE**

**VRAAG 1**

Beantwoord al die vrae.

**TEKS A**

**Donker nag – Hans du Plessis**

Die restaurant is byna leeg; net vier tafels het nog gaste, die paar tuisblyers wat tussen Kersfees en Nuwe Jaar nie met vakansie weg is nie. Klara draai om om die man se rekening te gaan haal.

By tafel 6 sit die swartkopman alleen. Toe sy verbyloop, praat hy.

“Juffrou is dit moontlik om ‘n laaste koffie te kry?”

“Seker, Meneer.” Sy het al uit ondervinding geleer met watter soort klant ‘n mooi kelnerin maar ‘n geselsie kan aanknoop.

1.1 Motiveer hoekom die volgende stelling ONWAAR is.

Dit was ‘n heerlike somersaand. (1)

1.2 Een van die klante het uit die restaurant gehardloop.

Wat het met hom gebeur? (1)

1.3 Wie het die ambulans ontbied? (1)

1.4 Verduidelik hoekom Klara versigtig is vir die man van tafel 4. (1)

1.5 “Sy wens die rokkies wat hulle die kelnerinne laat aantrek, was langer.”

Hoekom, dink jy, laat die eienaar hulle kort rokkies dra?

(1)

1.6 Pas Kolom A by die beskrywings in Kolom B. Skryf slegs die nommer en letter neer. Bv. 1.6.1 G

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Man by tafel 4 | A | Klara bly daar |
| 1.6.2 | Man by tafel 6 | B | Mense wat nie weggaan vir die vakansie nie |
| 1.6.3 | tuisblyers | C | Drink koffie |
| 1.6.4 | studentehuis | D | Drink brandewyn |
| | | E | Ry met ‘n motorfiets |

(4)

1.7 Wat het die inbreker gedra om hom te vermom (disguise)? (1)

1.8 Skryf die volgende punte in die korrekte volgorde.

- Sy bid met oop oë.
- Klara ril toe sy haar motorfietsie van die staander aflig.
- Iemand in ‘n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af.
- Klara laat die skinkbord met die leë borde donderend val

(4)

**[14]**

**TEKS B**

**Aspoestertjie en die drie bere – Nelia Engelbrecht**

Agter my proes Vanessa asof dit die grap van die jaar is.
“Is jy oukei?” vra Triz, maar ek hoor haar skaars.
Sy oë is groen. Met blou spikkels daarin. Of is dit blou met groen spikkels?
“Uhm… dis nou wel lekker om so te lê, maar miskien moet ons die een of ander tyd opstaan,” fluister hy.

1.9.1 “Is jy oukei?” vra Triz (reël 2)

Aan wie vra sy hierdie woorde? Gee die persoon se naam. (1)

1.9.2 Verduidelik wat het gebeur dat sy hierdie woorde vra? (1)

1.10 Gee die naam van die plek waar Vanessa en Triz woon. (1)

1.11 Beskryf die drie seuns na wie Triz gekyk het. (1)

1.12 Pas die karakters in Kolom A by hulle karaktereienskappe in Kolom B
Skryf slegs die nommer en letter neer. Bv. 1.12.1K

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Triz | A | Hou van flirt |
| 1.12.2 | Vanessa | B | Hou van kos |
| 1.12.3 | Corli | C | Hou van swem |
| | | D | Hou van oefen |

(3)

1.13 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

(...) het vir Triz vertel wat die bure se name is.

A Ruberta
B Ronel
C Rieta
D Rosy (1)

1.14 Noem die drie (3) dinge waaroor Kristen in die restaurant gekla het. (3)

1.15 Verduidelik hoekom die volgende stelling ONWAAR is.

Corli het in die restaurant oor haar eie voete geval en 'n klomp borde gebreek. (1)

1.16 Hoekom sukkel Corli en haar ma finansieel? (1)

1.17 Wat het gebeur dat Corli aan die einde soos 'n prinses gevoel het? (1)
[14]

**TOTAAL AFDELING A: [28]**

**AFDELING B: GEDIGTE**

**VRAAG 2**

Bestudeer die gedigte en beantwoord al die vrae.

**TEKS C**

**Delft – Nathan Tarantaal**

Die klippe inni pad
sit soes laities oppie sypaadjie
en vra die heeltyd vi jou virri rand.
Die wind kom en gan
soese man wattie oo sy laities wory nie
'n wind wat net vi homself liewe.
Die lug se mon stink na wyn.
die son wêk nine to five
omdat dai is wat hy doen.
Hyt nog nooit consider
dat hy iets annes kan doen nie.
Die boeme hang heeldag oo hulle miertjies
en hou anne mense se biesagheid dop.
Die sand het vyl voete en lang naels,
maarie sand loep van dee tot dee
en sit in ammel se hyse
Die mense is cigarette-toppatjies
opgestop in metjieboksies

2.1 Pas die woorde in Kolom A by die Standaard Afrikaans in Kolom B.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | laities | A | maar die |
| 2.1.2 | maarie | B | deur |
| 2.1.3 | metjieboksies | C | daardie |
| 2.1.4 | dai | D | vuurhoutjiedosies |
| | | E | jong seuns |

(4)

2.2 Die digter gebruik Kaapse Afrikaans in hierdie gedig.

Hoekom pas dit so mooi by die gedig? (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Hierdie gedig handel oor die (ryk / arm) mense wat op die Kaapse Vlakte woon. (1)

2.4.1 Watter tipe spreker vind ons in hierdie gedig? (1)

2.4.2 Bewys jou antwoord gegee in 2.4.1 deur TWEE aanhalings te gee. (2)

2.5 Beskryf die stemming van hierdie gedig deur EEN woord te gebruik. (1)

2.6 Haal ‘n voorbeeld van personifikasie uit die eerste drie versreëls aan. (1)

2.7 Verduidelik wat ‘n enjambement is. (1)

2.8.1 Haal ‘n voorbeeld van ‘n metafoor uit hierdie gedig aan (1)

2.8.2 Verduidelik die betekenis van hierdie metafoor wat jy gekies het, (1)

[14]

**TEKS D**

**Edms. Bpk. – D.J. Opperman**

Ek het ‘n stukkie grond gekoop
met melkhout op; dit afgekamp
en teen die hek ‘n naam geverf
sodat verbygangers besef:
Dis Dirk se erf.

Janfiskaal sit op my melkhoutboom,
sit op ‘n kruin, sit op ‘n rots,
en proklameer in sy lied
soggens en saans luidkeels:
“Dis my gebied.”

Bakkapel glip uit my melkhoutbos,
verby die kruin, verby die rots,
en teken op sandkolle waar hy kom
oral in ouderwetse skrif:
“Alles … alles my eiendom.”

2.9 Watter TWEE dinge het die spreker gedoen sodat almal sal weet dat die erf aan hom behoort? (2)

2.10 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

Elke strofe is ‘n (kwatryn/kwintet/oktaaf). (1)

2.11 Wat is die funksie van die dubbelpunt (:) in die gedig? (1)

2.12 Wat beteken die titel van die gedig? (1)

2.13 Haal ‘n woord uit versreël 6 aan as bewys dat die melkhoutboom aan Dirk behoort. (1)

2.14 Watter TWEE diere deel Dirk se erf met hom? (2)

2.15 Haal ‘n woord aan as bewys dat Bakkapel baie vinnig beweeg. (1)

2.16 Hoe het die Janfiskaal almal laat weet dat daardie stukkie grond aan hom behoort? (1)

2.17 Wat is die simboliek van ‘n Janfiskaal? (1)

2.18 Wat is die simboliek van die slang? (1)

2.19 Hoe het die slang almal laat weet dat die grond aan hom behoort? (1)

2.20 Benoem die leesteken( … ) in die laaste versreël. (1)
[14]

**TOTAAL AFDELING B: [28]**

**AFDELING C:** **FILMSTUDIE**

**VRAAG 3**

**TEKS E**

**PAD NA JOU HART**

| |
|---|
| Pad na jou hart is ‘n Afrikaanse romantiese-avontuurkomedie oor ‘n jong, aantreklike en selfvoldane besigheidsman. Wanneer sy pa sterf, het hy vyf dae om by sy pa se begrafnisdiens in Kaapstad uit te kom. Maar hy moet eers sekere take op hierdie reis voltooi voordat hy die suksesvolle familiemaatskappy sy eie kan noem. |

3.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie film? Gee sy naam en van. (2)

3.2.1 Wat beplan die hoofkarakter om met die firma te doen? (1)

3.2.2 Hoe voel sy pa oor hierdie besluit? (1)

3.3 Voltooi die sin deur die ontbrekende plek in te vul.

Sy pa het van __________ gekom om hom te besoek. (1)

3.4 Noem TWEE dinge wat die prokureur vir hom ná sy pa se dood gegee het. (2)

3.5 Pas die woorde/name in Kolom A by die beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die nommer en letter neer. Bv. 3.5.1 K

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | Mnr. Ndlovu | A | “kettiemeisie” |
| 3.5.2 | Amory | B | geniet die plaaslewe |
| 3.5.3 | Hein | C | die prokureur |
| 3.5.4 | Van Rensburgs | D | Amory se stiefpa |
| | | E | verkies die platteland bo die stad. |

(4)

3.6 Hoekom moes hulle in Graaf Reinette stop? (1)

3.7 Hoekom het Amory hom gehelp om in Kaapstad te kom? (1)

3.8 Hoekom, dink jy, het sy pa vir hom al hierdie take gegee? (1)

**TOTAAL AFDELING C: [14]**
**GROOTTOTAAL: 70**



